> **"The Woolworths team felt inspired that its business is able to touch lives at grass-roots level by supporting the small farming initiatives."**

18 June 2019. They announced their commitment to increase their order for cotton lint to 2 200 t for the next year as part of their commitment to the local clothing and textile industry.

WOOLWORTHS

Woolworths visited cotton farms and a processing plant (cotton gin) on 19 June 2019 with a delegation of 12 strategic division leaders. For the majority of the delegation it was the first time they saw how cotton is grown, harvested and ginned.

The Woolworths team felt inspired that its business is able to touch lives at grass-roots level by supporting the small farming initiatives and making a significant impact on people's lives.

Understanding the commitment that agriculture makes, and the commitment involved in the process, Woolworths is proud to be part of this initiative, and is on a journey to become the leading sustainable retailer in South Africa.

Woolworths Holdings is the only South African retailer to become a member of the Better Cotton Initiative (BCI) and has committed to sourcing 100% of its cotton as "more sustainable cotton" by 2020.

BCI compliant lint comprised 32% of the cotton lint produced in 2018 in South Africa.

GRONDVOORBEREIDING MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DROËLANDKATOEN

deur dr. Annette Bennett, Katoen SA

Só kan droeëlandkatoen lyk! Foto: J. du Plessis

Hierdie manier van katoenproduksie het unieke uitdagings vir die katoenprodusent. Die kritiese faktor met droëlandproduksie van katoen is die bewaring van vog in die grond. Die besluit of so 'n produksiestelsel gevolg gaan word, hang nie van die prys van katoen af nie, maar van die vlak van grondvog net voor planttyd. Die grondprofiel en vlak van vog ten opsigte van grondkapasiteit is die beperkende faktore. Beperkte landbewerking ("minimum tillage") asook geen bewerking ("no tillage") op lande wat braak lê gedurende die winter wat die plantseisoen voorafgaan, help om vog in die grond te bewaar en die ontkieming van onkruide te verhoed.

Nadat die produsent se katoen geoes is, moet opsies oorweeg word ten opsigte van:

- rotasiegewasse;
- moontlike oorlê van lande;
- onkruidbeheer;
- landvoorbereiding;
- vogbewaring;
- "no-till" of geen-bewerking;
- grondprofielbepaling;
- katoenkultivarsaadkeuses; en
- 'n strategie van plantpopulasiedigtheid met inagname hoe dit besproeiing, insekbeheer, bolset en oes beïnvloed.

Vroeë toediening van kunsmis sal help om die grond kans te gee om vog in die grondprofiel te bewaar. Dit is belangrik om te onthou dat katoenplukkers ("spindle"-plukkers of "strip"-plukkers) gewoonlik standaard twee meter-wielspasiëring het, met rywydtes van 0,91 m. Party plukkers het sensors wat kan aanpas by rywydtes. Rywydte en landuitleg moet beplan word om voorsiening te maak vir gewasbestuur en landbewerking asook oes. Ry-konfigurasie kan

Figuur 1: Rykonfigurasievoorstelling (aangepas – www.csd.net.au).

produksiekoste, oesopbrengs en veselkwaliteit beïnvloed, en besluite moet gebaseer word op jaarlikse reënval, seisoenvooruitsigte, grondkwaliteit, plantdatum asook die ondersteuning wat die produsent geniet van die pluismeulens in die omgewing (www.csd.net.au). Namate rywydte toeneem, is daar 'n potensiaal vir laer oesopbrengste in goeie seisoene.

Wyer rykonfigurasies vertoon egter soortgelyke oespotensiaal as digter plante binne die tipe konfigurasie, in jare waar toestande minder gunstig is, terwyl veselkwaliteit gehandhaaf word. Volgens Cotton Seed Distributors (CSD) se aanbeveling is rykonfigurasie 'n metode waarby oesopbrengs verseker kan word en kwaliteitsafname geminimaliseer kan word. Dit bied ook 'n geleentheid vir veranderlike koste wat tesame die risiko van droëlandproduksie verlaag.

Faktore wat 'n rol speel by die aanplant van katoen, is in die tydskrif *KatoenSA/CottonSA*,

Figuur 2: Plante per meter (liniêr) en plantpopulasies in vergelyking met rywydtes (aangepas, www.csd.net.au).

Plante/m	Aantal plante per ha	Enkel-oorslaanrye (1,5 m)	Dubbel-oorslaanrye (2 m)	Ekstra enkel-oorslaanrye (3 rye) (3 m)
4	40 000	26 800	20 000	13 333
6	60 000	40 200	30 000	20 000
8	80 000	53 600	40 000	26 000
10	100 000	67 000	50 000	33 333
12	120 000	80 400	60 000	40 000

vol. 20, no. 2, Sept. 2018 beskryf. Saadkwaliteit en ontkiemingspotensiaal word gereguleer deur saadsertifisering. Die produsent moet in gedagte hou dat sekere variëteite, wanneer toestande minder gunstig is, moontlik 'n laer saailingstukrag ("vigour") kan toon (www.csd.net.au). Dit vereis dat aandag gegee moet word aan landvoorbereiding, vestiging van die saadbed, sowel as plantdiepte.

Die algemene doel moet wees om 'n plantpopulasie van ses tot tien plante per meter te vestig. Die produsent moet in gedagte hou dat met droëland en minder plante per ry, die plant sal aanpas en meer vegetatiewe takke sywaarts sal groei om te kompenseer vir die groter ruimte. Alhoewel dit kan bydra tot die oesopbrengs, moet hierdie vrugtakke goed bestuur word om boldrag te behou, maar dit kan ook die plukproses bemoeilik. Plante binne 'n ry sal ook meer kompeteer vir voeding.

Vir droëlandbestuur raak presisieboerdery al hoe meer van belang om die spesifieke grondprofiel in verhouding te bring met die toediening van kunsmis binne 'n spesifieke rykonfigurasie. Heelwat instansies bied nou sagteware aan om presisieboerdery te vergemaklik.

MINIMUMBEWERKING VAN GROND MET "RIP-ON-THE-ROW" OF RIP-OP-DIE-RY

Minimumbewerking is aan die orde van die dag in 'n droëlandopset. Na die oes word die grond nie versteur nie, behalwe vir die opsny van katoenreste en katoenstamme net onder die grondoppervlak om hergroei te verhoed. Onkruidbeheer kan dan toegepas word op oorlê- of braaklande tydens die winter deur 'n breëblaaronkruiddoder te spuit om katoenreste wat uitloop te beheer. 'n Rotasiegewas van 'n grasfamilie word aanbeveel om onkruide wat ontkiem te verdring as die produsent nie die land wil laat oorlê nie.

Wissel lande af waar katoen verbou word om die vore waarin katoensaad geplant word, oop te maak ("rip-on-the-row") met behulp van vlaktandbewerking. Die planter het 'n tand voor wat veroorsaak dat nadat die voortjie oopgevou is, die saad geplant kan word met rollertjies om ferm druk op die geplante saad te plaas. Hierdie metode is die afgelope seisoen suksesvol toegepas op Schweizer-Reneke, waar sommige produsente voor planttyd 'n fyn snyimplement gebruik het om die boonste grond wat 'n korsie vorm, te lig, ten einde ontkieming en bo-grondse groei te vergemaklik.

Indien 'n gewas soos mielies in die seisoen vooraf op die betrokke land wat vir katoen opsygesit word, geplant was, moet die mieliereste in die grond ingewerk word voor planttyd. Enige plantreste wat op die land lê, versteur die egaligheid van die saadbed en veroorsaak verskille in plantdieptes oor die land, asook in plantestand (Figuur 3).

'n Minimumbewerkingsisteem kan nie hier gevolg word nie (Figuur 3) en landvoorbereiding begin reeds na die oes met 'n ligte dis, en die oorlê van 'n land tot vroeg in die lente. Die hoofdoel van dié metode is om nie die plant-aksie uit te stel wanneer lande geploeg

Figuur 3: Mieliereste op 'n katoenland.

Figuur 4: Dubbelrye/treinspoorrye droëlandkatoen. Hier word die gebruik van dubbelrye met 'n oorslaanry tussenin aangedui. Dit help met vogbewaring en vergemaklik pluk (Jozeph du Plessis, Schweizer-Reneke, Februarie 2019).

Figuur 5: Konvensionele landbewerking op droëland in 'n kleinboeropset. Let op na minimum grondbewerking in 'n kleinboeropset met swak plantstand en plantspasiëring (regs). Foto: W.M. Green

> “Indien ’n gewas soos mielies in die seisoen vooraf op die betrokke land wat vir katoen opsygesit word, geplant was, moet die mieliereste in die grond ingewerk word voor planttyd.”

of gedis moet word in die lente op swaar kleigronde nie. Grondstruktuur word bewaar as geen verdere landbewerking voorkom nie, ten einde verdere uitdroging van die grond en verdere kompaksie te verhoed, asook die ontkieming van onkruide te voorkom. Kontakonkruiddoders kan vroeg in die lente gespuit word om lande vry te hou van onkruide. As minimumbewerking nie toegepas word nie, moet ’n egalige saadbed met planttyd voorberei word, deur te dis en te eg. (Sien hooffoto). ’n Fyn en gelyke saadbed met plantreste ingewerk in die bolaag is nodig vir goeie ontkieming.

Minimumbewerkingsisteme werk ook vir die kleinboer wat ’n voortjie trek met ’n handskoffel om tussengewasreste wat eenvormig op die land lê, te plant (Figuur 5, regs). Dikwels word dubbelrye ook hiervoor gebruik. Sommige kleinboere se katoen word in teenstelling hiermee in enkelrye geplant met behulp van implemente en konvensionele grondbewerking. Dit is dikwels die geval waar hul toegang het tot implemente. (Figuur 5, links).

Neem grondmonsters ongeveer vier tot ses weke voor planttyd om die uitslag betyds te kry om die regte voedingstowwe te kan toedien voor- en met planttyd.

Verwysing

http://www.csd.net.au/system/resources/files/000/000/051/original/A_Guide_to_Dryland_Cotton

Participants at the Dolbi presentation held in Hilton, KwaZulu-Natal.

NEW COTTON HARVESTING EQUIPMENT UNDERWAY

by Tertius Schoeman, Cotton SA

Various new options are under investigation to assist cotton production units in South Africa with new harvesting equipment. A delegation from Cotton SA visited Argentina during 2017 to experience the equipment manufactured by Dolbi SA of Argentina first-hand. Dolbi has been manufacturing agricultural equipment since 1962.

Dolbi has now partnered with Branson Commodities, a South African company, to import their cotton harvesting equipment. On 15 June 2019, Branson Commodities facilitated the presentation with Cotton SA, farmers, and other interested parties attending in Hilton near Pietermaritzburg, KwaZulu-Natal. Cotton SA was represented by the chairperson and vice-chairperson of the SA Cotton Producers’ Organisation, Evert Genis and Johan Hartman, together with Tertius Schoeman.

Although video material was shown, accompanied by a detailed presentation, the participants requested Dolbi and Branson Commodities to have cotton-harvesting equipment available for demonstration purposes in future.

Plantluise op katoenblare.

VROEËSEISOEN-INSEKPLAE

deur dr. Annette Bennett, Katoen SA en
dr. Jeannie van Biljon, voorheen LNR-IG

Insekplae kan ingedeel word in vroeë-, middel- en laatseisoen-insekplae, terwyl sommige insekte regdeur die seisoen kan voorkom.

- **Vroeëseisoenplae** sluit in aalwurms, snywurms en die valsdraadwurm, katoensnuitkewer, katoenstamkalander, swartkatoenkewer, katoenplantluise en soms bladspringers.
- **Middelseisoenplae** sluit in die vier bolwurmspesies, plantluise, bladspringers, witvlieë, vlekbesies asook ander blaarwurms en blaarmyners, "tip-wilters"/besies, en vlooikewers.
- **Laatseisoenplae** sluit in die gewone katoenvlekbesie, stinkbesie, katoensaadbesie, rooispinmyt en bladspringers.

Middelseisoen- en laatseisoenplae sal in latere uitgawes van die tydskrif verskyn.

KATOENSAAILINGE

Aalwurms

Aalwurmbeheer word toegepas op grond van aalwurmtellings en die identifikasie wat op grondmonsters gedoen is. Tans word

Knopwortelaalwurm.

Figuur 1: Vereenvoudigde sleutel om plantskade te assosieer met insekplae.



knopwortelaalwurm, *Meloidogyne incognita,* wêreldwyd as die belangrikste plaag op katoen beskou. Binne hierdie spesie is twee verskillende biologiese rasse wat katoen aanval, geïdentifiseer, naamlik rasse 3 en 4. Van dié twee rasse kom slegs ras 4 op katoen in Suid-Afrika voor. Die teenwoordigheid van knopwortelaalwurm veroorsaak betekenisvolle oesverliese, beide direk en indirek deur interaksies met ander grondgedraagde patogene.

“Twee *Meloidogyne* spesies, naamlik *M. incognita* en *M. acronea*, kom op katoen voor, terwyl *M. acronea* slegs in geïsoleerde gevalle in Suid-Afrika aangetref word.”

Twee *Meloidogyne* spesies, naamlik *M. incognita* en *M. acronea,* kom op katoen voor, terwyl *M. acronea* slegs in geïsoleerde gevalle in Suid-Afrika aangetref word. Reuseselle ontwikkel waar die nematode binne die wortel voed. Die selle veroorsaak ’n sekondêre reaksie in die vorm van galle buite op die wortel. Die teenwoordigheid van galle is dus die mees diagnostiese kenmerk van ’n *M. Incognita*-probleem. *M. incognita* val beide die penwortel en die sywortels aan. Skade aan die wortels het ’n kleiner wortelstelsel tot gevolg met minder sy- en voedingswortels. Bogrondse simptome sluit vertraagde plantgroei, gebreksimptome, tydelike verwelking gedurende die hitte van die dag (selfs al is genoeg water beskikbaar) en laer opbrengste, in.

Ander spesies wat voorkom, is letselaalwurm en stompwortelaalwurm. Laasgenoemde dring nie die plantwortels binne nie, maar voed slegs uitwendig aan die wortels, en beskadig wortelpunte. Tipiese simptome is stomp, verdwergde sywortels. Gevolglik is die plant nie in staat om genoeg voedingstowwe te absorbeer nie. Hierdie nematode doen veral baie skade aan saailinge. Sodra die saad ontkiem, word die groeipunt aangeval en dit sterf gevolglik af. Die nuwe sywortels wat dan ontwikkel, word ook aangeval. Sodoende ontwikkel ’n wortelstelsel wat bestaan uit stomp, verdwergde of somtyds ook verdikte wortels.

’n Aansienlike verhoging in opbrengs kan verkry word deur die gebruik van nematosiedes (aalwurmdoders) vir die beheer van *M. incognita*. Fenamiphos is geregistreer teen aalwurm, en word meer algemeen gebruik as ’n korreltoediening, maar die middel is ’n organofosfaat en het ’n baie toksiese werking op die senustelsel van alle insekte. ’n Ander opsie is Abamectin, maar dit word minder dikwels vir aalwurms aanbeveel.

Snywurm, draadwurm (Elateridae) en valsdraadwurm (Tenebrionidae)

Snywurms van verskeie spesies (*Agrotis* spp.) wat die larwes van motte is, was in die verlede ’n plaag op katoen, maar hedendaags word geen ernstige probleme met snywurm ondervind nie. Die stingel van saailinge kan kort bo die grond afgebyt word, wat dan ’n standverlies veroorsaak. Somtyds word die stingel net bo die grond halfpad gebyt/gevreet, wat gewoonlik die larwes van ’n toktokkie-tipe kewer is (valsdraadwurm). Die plantjies het dan ’n verswakte stam, en kan knak in die wind en ook lei tot standverlies. Die katoensnuitkewer (*Protostrophus* sp.) is van minder belang.

Hierdie insekte kom minder algemeen voor, en dit is nie gewoonlik nodig om enige beheer toe te pas nie. Alpha-sipermetrien is geregistreer teen snywurm, maar word minder dikwels gebruik, as gevolg van die lae plaagstatus op katoen.

Snywurm (*Agrostis ipsilon*).

Draadwurm (Elateridae).

Valsdraadwurm (Tenebrionidae).

Blaaspootjies.

Blaaspootjies/"thrips"

Blaaspootjies van verskeie spesies is algemene plae op katoen, onder andere die westelike blomblaaspootjie, die uieblaaspootjie, en die katoenblaaspootjie. Dié insekte doen relatief min skade, maar verswak die blaaroppervlak sodat windskade meer dikwels voorkom. Blaaspootjies is moeilik om te sien, maar kom gewoonlik op die eerste ronde blare voor. Katoen herstel gewoonlik van enige blaaspootjieskade en dit is dikwels nie nodig om te spuit vir blaaspootjies nie. Met erge infestasies kan hulle skade aan die groeipunte van jong plante veroorsaak. Saadbehandelings soos imidacloprid gee beskerming teen erge blaaspootjieskade. Geen drempelwaarde vir blaaspootjies is bekend op katoen in Suid-Afrika nie, en die katoen herstel gewoonlik goed. Profenofos is geregistreer teen blaaspootjies, maar die gebruik daarvan is dikwels nie nodig nie.

TWEE- TOT VIERBLAARSTADIUM

Swartkatoenkewer

Die blinkswart *Syagrus*-kewer, van ongeveer een sentimeter lank, vreet gate in die blare van katoen in die saailingstadium en latere stadiums. Die larwes voed op die plantwortels; hulle kan die wortels van jong plante ringuleer, en die plant kan verlep voorkom en afsterf. Vreetskade het min effek op volwasse plante. Die insek kom voor in oorstaankatoen, of op lande waar katoen voorheen toegelaat is om oor te staan en toegelaat is om te hergroei. Somtyds kan dit 'n probleem onder droëlandproduksie wees, maar dit is selde nodig om vir dié plaag te spuit.

Swartkatoenkewer (*Syagrus* beetle).

Geen ekonomiese drempel is beskikbaar nie en thiomethoxam en karbaril is geregistreer teen die plaag.

Katoenstamkalander

Die *Apion*-kewer is bitter klein, ongeveer 2 mm tot 3 mm lank, en word dikwels verwar met ander snuitkewers. Volwassenes is moeilik te vinde, aangesien hulle wegkruip agter plantmateriaal en "skyndood" gebruik om hulself te verberg. Volwassenes vreet kopspeldgrootte gate in jong saailinge of op jong katoen, en larwes vreet en pupeer in katoenstingels. Wanneer die volwassenes aangetref word, is dit gewoonlik in lae getalle, die stamskade is reeds gedoen en dikwels help dit nie om enige beheer toe te pas nie. Geen middel is geregistreer nie,



Katoenstamkalander (*Apion* sp.).

maar 'n sistemiese middel in kombinasie met 'n kontakmiddel behoort effektief te wees. Die kewer is 'n probleem waar oorstaankatoen voorkom en sal nuutaangeplante katoen in die omgewing aanval.

Plantluise

Plantluise kom gewoonlik reeds vroeg in die seisoen voor. Indien die katoensaad met imidacloprid as 'n saadbehandeling behandel is, behoort plantluise nie probleme te gee binne die eerste ses weke na plant nie. Plantluise word gewoonlik goed beheer deur predatore, en hierdie voordelige insekte sluit in sweefvlieglarwes, goudogies, larwes en volwassenes van lieweheersbesies ("ladybirds"), spinnekoppe, parasitiese wespes, parasitiese blaaspootjies, parasitiese myte, roofwantse, ens. Die voordelige insekte moet 'n kans gegun word om hul werk te doen om 'n mate van biologiese beheer toe te pas.

Al die stadiums van plantluise kan voorkom, wat onvolwasse stadiums of nimfe insluit, gevleuelde en ongevleuelde volwassenes, geparasiteerde plantluise of "mummies", asook die vervelsels (wit eksoskelette) van plantluise. Die drempelwaarde vir plantluise word bereik wanneer 15 uit 24 plante wat verken is, meer as 30 plantluise tesame op drie blare het. 'n Sagwerkende middel moet verkieslik gespuit word, wat voordelig is vir plantluise, en dit sluit die voortdurende gebruik van enige piretroïed uit. Enige geregistreerde middel met acetamiprid is 'n goeie keuse, terwyl acetamiprid in kombinasie met bifenthrin (piretroïed-gekombineerde middel), slegs as laaste uitweg gekies moet word, asook produkte met dimetoaat en karbosulfan, aangesien dié produkte die natuurlike vyande kan benadeel.

Plantluise.

Bladspringers

Bladspringers ("Jassids").

Bladspringers kan ressorteer onder vroeë-, middel- en laatseisoenplae. Hulle kom minder dikwels vroeg in die seisoen voor, maar kom voor in areas waar oorstaankatoen as 'n praktyk bedryf word. Bladspringers kan vroeg in die seisoen toeneem en kan 'n probleem word vanaf die vierblaarstadium as piretroïdes herhalend gebruik word. Saadbehandelings met imidacloprid gee gewoonlik goeie beheer vroeg in die seisoen teen bladspringers. Die plant van harige kultivars soos PM3225 B2RF help om bladspringers regdeur die seisoen te beheer. Die drempelwaarde vir bladspringers word bereik wanneer daar meer as drie bladspringers in totaal op drie blare voorkom, en op meer as 12 uit 24 plante wat verken is.

Predatore het 'n effek op die nimfe van bladspringers; dus moet daar nie onnodig vroeg in die seisoen vir bladspringers gespuit word nie. Geregistreerde produkte met acetamiprid of pymetrozine word aanbeveel vir bladspringerbeheer, as gevolg van hulle wyse van werking. Geregistreerde produkte wat profenofos, indoxacarb, diafenthurion, of karbaril bevat, is minder voordelig vir natuurlike vyande.

Met erkenning aan die volgende persone of instansies vir insekfoto's:
- T. Joffe (voorheen Agri-Biotech Research Consultancies cc)
- J. van Biljon (voorheen LNR-IG)
- A.L. Bennett en A. Bennett (voorheen LNR-IG)

Afdrukke:
- thebeatsheet.com.au
- cotton.ces.ncsu.edu/2018/05
- agrilifecdn.tanu.edu
- utcrops.com
- entoweb.okstate.edu

Mahyco Grow met die beste Deltapine® variëteite maak van die katoenboer ‘n top presteerder

Deltapine® – die variëteite wat nog steeds top presteer op besproeiing- sowel as droëlandomstandighede:

DP 1541B2RF – Volseisoen, uitstaande opbrengste met hoë-veselpersentasie

DP 1531B2RF – Mediumseisoen, uitstaande opbrengste met topveselpersentasie

DP 1240B2RF – Volseisoen, uitstaande opbrengste met goeie veselpersentasie

PM 3225B2RF – Volseisoen, uitstaande opbrengste, harige blaaroppervlak teen bladspringers, uiters geskik vir handplukkleinboer

Delta 18RF – Toevlugsvariëteit, medium volseisoen, hoë opbrengspotensiaal

Navrae: Mahyco Grow SA – Tel 013 262 2972 of 083 305 6160

Onkruidbeheer in katoen

deur dr. Annette Bennett, Katoen SA

Die plant van katoenvariëteite wat tesame met bolwurmweerstand, ook glifosaatweerstand bied, vergemaklik onkruidbeheer. Dit word aangedui deur die "RF" ná die kultivarnaam, bv. DP1541 B2RF. Al die *Bt*-katoenvariëteite wat vandag in Suid-Afrika beskikbaar is, het die Roundup Ready Flex-geen wat onkruidbeheer vergemaklik vir die produsent, deurdat glifosaatprodukte wat 'n breë spektrum van werking het vir 'n langer tyd bo-oor die katoen gedurende die seisoen gespuit kan word. Een kultivar, Delta 18RF, wat dikwels vir die toevlugsarea geplant word, bied net glifosaatweerstand en nie bolwurmweerstand nie.

Die eienskap van glifosaatweerstand wat katoen tans bied, vergemaklik die beheer van onkruide voor en ná plant. Katoenvariëteite met glufosinaat- en dicambaweerstand is nog nie in Suid-Afrika beskikbaar nie.

Bespuiting moet geskied op die regte plek, regte tyd en met die regte toerusting. Let daarop dat met glifosaatbespuitings, die bespuiting op die onkruidplant self moet plaasvind en nie op die grond nie, aangesien die produkte inmeng met die fotosinteseproses in die onkruidplant. Onkruide neem tot 'n week of langer om te vrek, aangesien die onkruide eers geel sal verkleur en daarna sal afsterf weens die wyse van werking. Glifosaat sal smalblaar (grasse) en breëblaar onkruide dood (eenjarige of meerjarige plante).

Volgens Croplife, is daar twee geregistreerde glifosaatprodukte vir katoen: Roundup Powermax® en Touchdown Forte HiTech®. Ander glifosaatprodukte, vir ander gewasse, is beskikbaar in die mark, maar moet verkieslik nie op katoen gespuit word nie. Glifosaatprodukte is meer effektief op jong of kleiner plante, en 'n tweede bespuiting mag nodig wees ná die vierblaarstadium van katoen om sekere onkruide te dood.

'n Aantal bespuitings kan gedoen word – tot 'n maksimum van 12,4 ℓ/ha tydens die hele seisoen. Lees die etiket vir instruksies. Die voordeel van die "Flex"-tegnologie is dat die produk nou bo-oor die katoen ná die vierblaarstadium gespuit kan word. Twee tot drie bespuitings mag nodig wees op katoen vir voldoende onkruidbeheer.

Glifosaat kan ook gebruik word om onkruide rondom die lande te bespuit, maar bespuiting moet verhoed word op ander gewasse soos gras, bome en blomme. Ander glifosaatprodukte mag effektief wees in 'n meerdere of mindere mate, maar word nie aanbeveel nie, as gevolg van die byvoeging van buffers en soute soos gelys op die etikette. Dit is swak praktyk om net op glifosaat staat te maak, en die afwisseling van glifosaat met ander goedgekeurde onkruiddoders word aanbeveel om weerstand te bekamp. Indien ander onkruiddoders met ander wyses van werking gebruik sou word, moet dit nie bo-oor katoen gespuit word nie.



Parthenium hysterophorus **(Maria-Maria-bossie).**

Hibiscus trionum. **Foto: T. Joffe**

Tribulus terrestris. Foto: T. Joffe

Chemiese beheer van onkruide in katoen gee besparings op arbeids- en insetkoste. Vir die droëlandprodusent is onkruidbeheer baie belangrik, aangesien onkruide kompeteer met katoen vir vog en nutriënte. Derhalwe dien onkruide ook as alternatiewe gasheerplante vir menige plaag op katoen, onder andere bolwurms, plantluise, witvlieë, ens. Bekamping van onkruide in katoen help om addisionele druk van insekplae op die *Bt*-katoen te beperk, en beskerm só die tegnologie.

Tans is daar aksies om kombinasies van middels met verskillende wyses van werking teen die onkruid *Amaranthus palmeri* te toets, wat nou katoenlande in die Douglas-area bedreig.

Indien u enige klagtes het oor onkruide wat lyk of hul weerstand toon teen glifosaat, kontak die "Herbicide Resistance Action Committee" (HRAC), 'n tegniese groep wat help om gewasopbrengste te beskerm in die geveg rondom die ontwikkeling van weerstandige onkruide.

Kontak Elbé Hugo, Voorsitter van HRAC, Suid-Afrika by Syngenta, of https://www.hracglobal.com/

Wandelende jood. Foto: T. Joffe



TRACEABILITY OF GMO COTTON (*Bt*-COTTON)

by Calvin Knight and Dr Annette Bennett, Cotton SA

Genetically modified organisms (GMOs) are plants or crops that have had genes inserted into their genetic makeup in order to improve yield, quality or durability. According to a webinar, "DNA Analysis of GMO Cotton", presented by Dr Lothar Kruse from Impetus Bioscience, about 64% of cotton worldwide is now GMO cotton. The International Service for the Acquisition of Agri-biotech Applications (ISAAA Brief 53-2017) listed global biotech cotton production at 24,21 million hectares in 2017.

Consumers are interested in the traceability of genetically modified organisms and their products. Recent work on cotton fibres has shown that *Bt*-cotton can be identified through a standard technique used in general DNA analysis as used by most laboratories. For the consumer interested in the cotton component of textiles this is good news.

Bt-cotton has had the *Bt*-gene inserted into its general genetic make-up in order to improve resistance to bollworm pests, while the commercially available varieties now also show herbicide-tolerant traits. *Bt*-gene identification is commonly done on cottonseeds (1/10 000 seeds sensitivity), as they have a large amount of DNA available. However, DNA analysis can also be done on fibre. Cotton lint is made up of 95% cellulose, but there is still a dehydrated cell nucleus within the fibres with enough sample material from which the DNA can be extracted.

It is well known that DNA is specific for each species. The arrangement or sequence of the four nucleotides that DNA comprises of, determines the nature and characteristics of the species. The presence of the *Bt*-gene can be determined by means of a laboratory polymerase chain reaction (PCR) technique, where specific pieces of DNA (in this case that of the *Bt*-gene) are proliferated or multiplied, and then sequenced and sent for identification to confirm the specific arrangement of the nucleotides. In this case, the *Bt*-gene's DNA is made up of the four base nucleotides with a specific arrangment in their complimentary amino-acid patterns.

DNA can be extracted by various procedures involving crushing or breaking down of cells and chemical elution of DNA strands into a solution. The solution is then placed in a thermocycler with primers that match the

sequences that one is looking for. By making use of Taq polymerase, the DNA template (from the cotton fibre with the primers attached to the specific region of the foreign *Bt*-material) are elongated and extended to provide enough material for further identification. This is the basic premise of PCR.

Plant DNA ▶ 35s promoter ▶ CTP2 gene ▶ CRY gene ▶ NOS terminator ▶ Plant DNA

Depicted above is an overview of the section of the plant DNA strand where the foreign gene (CRY gene)would be inserted. PCR will be able to target the specific nucleotide sequences on either side of this specific DNA region.

Screening is done to identify any GMO insert by detecting the 35s promoter, the CTP2 gene, the CRY gene, the terminator, and the plant DNA. The PCR product with the specific foreign DNA is then sequenced and compared to a standard database (e.g. Basic Local Alignment Search Tool [BLAST]) of known organisms with a similar nucleotide pattern. A specific similarity is traced with the new "DNA string" arrangement, which would then identify the foreign piece of DNA.

By making use of this PCR technique, it is possible to identify GMOs in cottonseed and in the fibre if it is present. This is an advantage for breeding programmes and in research protects to ensure that new cultivars carry the *Bt*-gene. Unknown seed or fibre could also be analysed with this method to determine if it is GMO cotton (although determining the cultivar can also provide this information).

It should be noted that once lint has been spun, dyed and treated with heat or chemicals, most of the DNA will have been destroyed, so the analysis must be done on raw cotton fibre. Dyes interfere with the PCR technique and will not give reliable results.

The possibility to detect GMO in cotton fibre is now officially recognised.

Reference:

IWA 32:2019 Preview. Screening of genetically modified organisms (GMOs) in cotton and textiles.

UPDATE ON SMALLHOLDER COTTON PRODUCTION

by Tertius Schoeman, Cotton SA

An information session presented by Bongani Nkosi from Agronet (centre).

Most of the smallholder cotton farmers had to wait for sufficient moisture before planting cotton in the 2018/19 production season. The Nkomazi region, however, experienced good follow-up rains that were in excess of the 50-year average annual rainfall figure of 647 mm.

This season, smallholder cotton production is spread over a number of provinces (see Table 1). The figures reflect the farmers that Cotton SA is aware of, but production may be more. Most of the production is on rainfed fields with ever-increasing irrigation hectares due to partnerships that are being established between commercial entities and emerging farmers.

Cotton SA is of the opinion that there are relatively large areas of unutilised land available to be planted to cotton in the near future. The dryland and irrigation hectares known potential is estimated at about 20 000 ha and 5 000 ha respectively.

Smallholder cotton farmers harvesting in Nkomazi.

Table 1: Smallholder cotton production in South Africa during the 2018/19 season.

Province / Co-ops	Smallholder cotton farmers	Hectares dryland	Hectares irrigation	Estimated lint bales (200 kg)
Mpumalanga – Nkomazi 22 Co-ops	715	1 771	0	3 028
Mpumalanga – Matlerekeng 1 Co-op	3	60	10	140
Mpumalanga – Nokaneng 17 Co-ops	188	610	0	690
Limpopo – Dichoeng 2 Co-ops	11	10	100	1 120
North West – Taung 1 Co-op	23	0	230	2 185
North West – Batshweneng 1 Joint venture	6	0	106	1 007
KwaZulu-Natal – Makhathini 38 Co-ops	1 247	1 989	200	4 239
Total	2 193	4 440	646	12 409

People who know, believe in the Cotton Mark. When the Cotton Mark guarantees that the dress, the shirt, the towel or anything else you're buying is quality-tested, 100% pure cotton, you can be sure it is. The Cotton Mark tells you that your cotton purchase will hold its shape and colour and resist shrinking. To make sure you are getting quality, look first for the Cotton Mark. And if you can't find it, ask for it. It's your right to get your guarantee.

Pure cotton and quality, and that is a promise.

PURE COTTON

MR PRICE: FINALIST IN SUPPLIER DEVELOPMENT AWARDS

submitted by Tanya Aucamp, Communication Specialist for Cotton SA

Natasja Ambrosio, Mr Price Group Sustainable Value Chain Executive.

Through its innovative work in developing a local cotton value chain, Mr Price Group Limited earned a finalist position in the Absa *Business Day* Supplier Development Awards on 14 June 2019 in Durban, South Africa.

The group was a runner-up in the Overall Winner category, as well as in the Nation-builder and Small Supplier and Local Manufacturing sections. The awards acknowledge the role of business in developing suppliers, with the overall aim of strengthening South Africa's economy.

Together with the South Africa Cotton Cluster (SACC), previously known as the Sustainable Cotton Cluster, Mr Price Group has made a significant contribution to the growth of local cotton production since 2013. The group finances loans for small-scale cotton farmers to buy seed and other agricultural inputs. In addition to this, an early payment facility allows small-scale farmers to be paid immediately for their crop.

In the 2019 fiscal year, the group supported over 263 South African small-scale farmers,

167 of whom are women and 52 youth. During the year, 552 tonnes of cotton lint from these farmers were used in Mr Price Group products.

"Strengthening our local value chain is key to unlocking business and socio-economic value and has the potential to create a competitive advantage for the business," explained Natasja Ambrosio, Mr Price Group Sustainable Value Chain Executive. "A crucial theme throughout this initiative is building towards the entire value chain being sustainable."

Mr Price Group CEO, Mark Blair, said, "We are proud of the impact made through our innovative work in developing a local cotton value chain. Ensuring that our partnerships with all stakeholders create shared value is something that we are passionate about and the Cotton Cluster has been a great example of this."

The group's sustainability journey, "Together We Do Good", is anchored in the very purpose of the business: "… to add value to the lives of our customers and worth to our partners' lives, while caring for the communities and environment in which we operate."

For further reading please visit:
- https://www.bizcommunity.com/Article/196/183/190069.html;
- https://www.bizcommunity.com/Article/196/183/191134.html; https://www.farmersweekly.co.za/agri-business/empowerment/sa-cotton-industry-created-5-500-jobs-four-years/

> "A crucial theme throughout this initiative is building towards the entire value chain being sustainable."

Finalists of the 2019 Absa *Business Day* Supplier Development Awards.

Wêreldklas katoen met kenners wat jou bystaan van plant, pluk tot in die mark.

GWK Katoen

Fanus Linde | Hoof van GWK Voere en Vesel
082 888 0016 | fanusl@gwk.co.za

gwk.co.za

GWK

innoveer landbou

FMC-Landbou-oplossings

Van elke wetenskaplike en landboukundige asook elke man en vrou, by FMC is ons passievol verbind om unieke innoverende oplossings te ontdek om gesonder gewasse te verseker.

Die liefde vir die land is wat ons verenig en ons deel dieselfde visie van 'n wetenskap wat aan die natuur toegewy is.

Ons produkte en dienste stel jou in staat om jou gewasse te versorg en uiteindelik volhoubare groei te bereik.

Kontak jou plaaslike FMC-verspreider om meer uit te vind oor die volgende katoenprodukte: Coragen®, Danadim™ Progress, Fury® 10 EW, Marshal® 48 EC, Steward® 150 EC, Steward®, Talstar® 100 EC, Vantex® 60 CS, Zoro® 36 EC.

Coragen®, bevat chlorantraniliprool (antraniliese diamied) (Rynaxypyr®) Reg. Nr. L8529 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Danadim™ Progress, bevat dimetoaat (organofosfaat) Reg. Nr. L8868 Wet Nr. 36 van 1947, skadelik. Fury® 10 EW, bevat zeta-sipermetrien (piretroïed) Reg. Nr. L6696 Wet Nr. 36 van 1947, skadelik. Marshal® 48 EC, bevat karbosulfaan (karbamaat) Reg. Nr. L3314 Wet Nr 36 van 1947, giftig. Steward® 150 EC, bevat indoksakarb (oksadiasien) Reg. Nr. L8435 Wet Nr. 36 van 1947, skadelik. Steward®, bevat indoksakarb (oksadiasien) Reg. Nr. L6332 Wet Nr. 36 van 1947, versigtig. Talstar® 100 EC, bevat bifentrin (piretroïed) Reg. Nr. L3171 Wet Nr 36 van 1947, skadelik. Vantex® 60 CS, bevat gamma-sihalotrin (piretroïed) Reg. Nr. L7227 Wet Nr 36 van 1947, versigtig. Zoro® 36 EC, bevat abamektien Reg. Nr. L8712 Wet Nr. 36 van 1947, skadelik.
FMC Chemicals (Pty) Ltd, Posbus 44, Postnet Menlyn, Waterkloof Glen, 0181, Republiek van Suid-Afrika. Tel: +27 12 003 2938.
Alle bogenoemde produkte is handelsmerke van FMC Corporation of sy affiliate. Datum: 02/2019.

TD 19/039R

GEBRUIK PLANTBESKERMINGSPRODUKTE MET VEILIGHEID EN VERANTWOORDELIKE SORG.
VOLG TEN ALLE TYE AANWYSINGS OP ETIKET MET TOEDIENING VAN PLANTBESKERMINGSPRODUKTE.